

Handelinge 25

Handelinge 25:1-27

1 Festus het dan in die provinsie gekom en ná drie dae van Cesaréa opgegaan na Jerusalem. 2 En die hoëpriester en die vernaamstes van die Jode het Paulus by hom aangeklaag 3 en by hom aangedring en gevra, as 'n guns teen Paulus, dat hy hom na Jerusalem moes laat haal; terwyl hulle intussen 'n hinderlaag voorberei het om hom op die weg om te bring. 4 Maar Festus het geantwoord dat Paulus in Cesaréa bewaak word en dat hy self spoedig daarheen sou reis. 5 Laat dan dié onder julle, sê hy, wat bevoeg is, saamgaan, en as daar iets verkeerds in hierdie man is, h594om beskuldig. 6 En nadat hy nie meer as tien dae onder hulle deurgebring het nie, het hy na Cesaréa afgegaan en die volgende dag op die regterstoel gaan sit en bevel gegee dat Paulus voorgebring moes word.

7 En toe hy verskyn, het die Jode wat van Jerusalem afgekom het, rondom hom gestaan en baie en swaar beskuldiging teen Paulus ingebring wat hulle nie kon bewys nie, 8 terwyl hy tot sy verdediging gesê het: Ek het niks teen die wet van die Jode of teen die tempel of teen die keiser gesondig nie.

9 Maar omdat Festus aan die Jode 'n guns wou bewys, het hy geantwoord en vir Paulus gesê: Wil jy na Jerusalem opgaan en daar voor my oor hierdie dinge teregstaan?

10 Toe sê Paulus: Ek staan voor die regterstoel van die keiser waar ek geoordeel moet word. Aan die Jode het ek geen onreg gedoen nie, soos u ook baie goed weet. 11 Want as ek oortree het of iets gedoen het wat die dood verdien, weier ek nie om te sterwe nie. Maar as daar niks is in die dinge waarvan hulle my beskuldig nie, dan kan niemand my aan hulle by wyse van guns oorlewer nie. Ek beroep my op die keiser!

12 Toe antwoord Festus, nadat hy met die Raad gespreek het: Op die keiser het jy jou beroep – na die keiser sal jy gaan!

13 En ná verloop van enkele dae het koning Agríppa en Berníce in Cesaréa aangekom om Festus te begroet. 14 En toe hulle daar verskeie dae deurgebring het, het Festus die saak van Paulus aan die koning voorgelê en gesê: Hier is 'n man deur Felix as gevangene agtergelaat, 15 teen wie die owerpriesters en die ouderlinge van die Jode, toe ek in Jerusalem was, 'n klag ingedien en vonnis teen hom gevra het. 16 En ek het hulle geantwoord dat dit nie by die Romeine gewoonte

is om enige mens by wyse van guns aan die dood prys te gee voordat die beskuldigde die beskuldigers voor hom gehad het en geleentheid tot verdediging in verband met die beskuldiging gekry het nie. 17 Toe hulle dan hier vergader het, het ek sonder enige uitstel die volgende dag op die regterstoel gaan sit en bevel gegee om die man voor te bring. 18 Die beskuldigers het teen hom opgetree en geen beskuldiging ingebring van dinge soos ek verwag het nie, 19 maar hulle het met hom sekere twisvrae oor hulle eie godsdiens gehad en oor 'n sekere Jesus wat dood is, van wie Paulus verklaar het dat Hy lewe. 20 En omdat ek met die ondersoek hiervan verleë was, het ek gevra of hy na Jerusalem wou gaan en daar oor hierdie dinge teregstaan; 21 maar toe Paulus in beroep gegaan het om in bewaring te bly vir die beslissing van die keiser, het ek bevel gegee dat hy in bewaring moes bly totdat ek hom na die keiser kon stuur.

22 En Agríppa sê vir Festus: Ek sou self ook graag die man wil hoor.

Toe antwoord hy: Môre sal u hom hoor.

23 Op die volgende dag het Agríppa en Berníce toe met prag en praal gekom en die gehoorsaal binnegetree saam met die owerstes oor duisend en die aansienlikste manne van die stad; en op bevel van Festus is Paulus voorgebring. 24 Toe sê Festus: Koning Agríppa en manne wat almal hier saam met ons is, u sien hierdie man oor wie die hele menigte van die Jode my aangespreek het in Jerusalem en ook hier, en uitgeroep het dat hy nie langer behoort te lewe nie. 25 Maar omdat ek gevind het dat hy niks gedoen het wat die dood verdien nie, en hy self ook hom op die keiser beroep het, het ek besluit om hom te stuur. 26 Maar ek kan niks sekere oor hom aan my heer skrywe nie; daarom het ek hom voor u gebring en veral voor u, koning Agríppa, sodat ek ná die ondersoek iets kan skrywe. 27 Want dit lyk vir my onredelik om 'n gevangene te stuur en nie die beskuldiging teen hom aan te dui nie.

1. Handeling 25:1-12 – Paulus verskyn voor Festus

1 Festus het dan in die provinsie gekom en ná drie dae van Cesaréa opgegaan na Jerusalem. 2 En die hoëpriester en die vernaamstes van die Jode het Paulus by hom aangeklaag 3 en by hom aangedring en gevra, as 'n guns teen Paulus, dat hy hom na Jerusalem moes laat haal; terwyl hulle intussen 'n hinderlaag voorberei het om hom op die weg om te bring. 4 Maar Festus het geantwoord dat Paulus in Cesaréa bewaak word en dat hy self spoedig

daarheen sou reis. 5 Laat dan dié onder julle, sê hy, wat bevoeg is, saamgaan, en as daar iets verkeerds in hierdie man is, hom beskuldig. 6 En nadat hy nie meer as tien dae onder hulle deurgebring het nie, het hy na Cesaréa afgegaan en die volgende dag op die regterstoel gaan sit en bevel gegee dat Paulus voorgebring moes word.

7 En toe hy verskyn, het die Jode wat van Jerusalem afgekom het, rondom hom gestaan en baie en swaar beskuldiging teen Paulus ingebring wat hulle nie kon bewys nie, 8 terwyl hy tot sy verdediging gesê het: Ek het niks teen die wet van die Jode of teen die tempel of teen die keiser gesondig nie.

9 Maar omdat Festus aan die Jode 'n guns wou bewys, het hy geantwoord en vir Paulus gesê: Wil jy na Jerusalem opgaan en daar voor my oor hierdie dinge teregstaan?

10 Toe sê Paulus: Ek staan voor die regterstoel van die keiser waar ek geoordeel moet word. Aan die Jode het ek geen onreg gedoen nie, soos u ook baie goed weet. 11 Want as ek oortree het of iets gedoen het wat die dood verdien, weier ek nie om te sterwe nie. Maar as daar niks is in die dinge waarvan hulle my beskuldig nie, dan kan niemand my aan hulle by wyse van guns oorlewer nie. Ek beroep my op die keiser!

12 Toe antwoord Festus, nadat hy met die Raad gespreek het: Op die keiser het jy jou beroep – na die keiser sal jy gaan!

1.1 Vrae by Handeling 25:1-12

- | |
|--|
| 1. Waarom sou Festus na Jerusalem gegaan skaars drie nadat hy in die provinsie gekom het? (vers 1) |
| 2. Watter plan het die Jode met Paulus gehad? (vers 2-3) |
| 3. Hoe het Festus op die Jode se versoek aangaande Paulus gereageer? (vers 4-5) |

Handeling 24 het afgesluit met die oornome van Porcius Festus as goewerneur by Felix. Felix was nie 'n goeie goewerneur nie. Festus aan die ander kant het met groot wysheid opgetree. Felix het vir Paulus as gevangene agtergelaat en Festus erf 'n probleem. Omdat Paulus 'n Romeinse burger is, het die goewerneur 'n verantwoordelikheid teenoor hom wat hy moet nakom.

Die provinsie waarvan gepraat word, is Sirië en Judea vorm deel van hierdie provinsie. Die Jode se koppigheid was berug onder die Romeine. **Daarom het Festus met wysheid besluit om so gou as moontlik na Jerusalem te gaan en met die leiers van die Jode samesprekings te hou.** Jerusalem was immers ook een van die belangrike stede in die provinsie. Ons kan aanneem dat Paulus nie die enigste rede was waarom Festus na Jerusalem, gegaan het nie, maar die Jode het gesorg dat Paulus nie vergete raak nie.

Twee jaar het reeds verloop nadat die Jode vir Paulus kwansuis voor Felix aangekla het. Felix het egter versuim om 'n uitspraak in die saak te gee. Vir die Jode en spesifiek vir die Joodse Raad was Paulus 'n verleentheid wat hulle nog uit die weg wil ruim. Die hoëpriester en die vernaamste Jode – hulle was heel waarskynlik Sadduseërs – het opnuut Paulus by die goewerneur aangekla. Josefus die Joodse geskiedskrywer merk op dat Ismael in hierdie stadium die hoëpriester was. Hy het by Ananias oorgeneem kort voor die einde van Felix se ampstermyn.

Dit blyk dat die Jode in Jerusalem dieselfde gedoen het as wat die Jode destyds in Achaje gedoen het (Hand 18:12-15). Toe daar 'n nuwe goewerneur gekom het, het hulle gereken dat hulle nou 'n beter kans het om van Paulus ontslae te raak. **Die Jode het by Festus aangedring dat Paulus in Jerusalem verhoor moet word. Die Jode se plan was om 'n hinderlaag voor te berei, sodat hulle Paulus op pad na Jerusalem om die lewe kan bring.** Dit is waarskynlik van dieselfde Jode wat twee jaar gelede 'n soortgelyke plan gehad het, maar dit nie kon uitvoer nie wat nou weer die plan aan die hoëpriester voorgelê het (Hand 23:12-35).

Die Jode was nie werklik van plan om Paulus weer te verhoor nie, want hulle saak teen hom was swak en sonder enige bewyse. Hulle het geweet dat 'n regverdige verhoor tot die gevolg sal hê dat Paulus vrygespreek word. Daarom was hulle enigste kans om van Paulus ontslae te raak deur middel van 'n moord op hom.

Festus het die wysheid wat hy van God ontvang het gebruik. Aangesien Paulus 'n Romeinse burger is, word hy in Cesarea bewaak en sal hy ook in Cesarea deur die goewerneur verhoor word. Daarom het Festus die Jode aangesê om **'n bevoegde afvaardiging na Cesarea te stuur waar hulle Paulus dan in 'n wettige**

vergadering kan aankla. Festus het hom nie deur die Jode laat ompraat nie. En op hierdie wyse het die Here steeds vir Paulus veilig bewaar van die Jode.

- | |
|---|
| 4. Hoe het die verhoor van Paulus voor Festus verloop? (vers 6-8) |
| 5. Waarom het Festus vir Paulus gevra of die verhoor in Jerusalem moet plaasvind? (vers 9) |
| 6. Watter redes het Paulus aangevoer waarom sy verhoor nie in Jerusalem kan plaasvind nie? (vers 10-11) |
| 7. Wat was uitslag van die verhoor? (vers 12) |

Festus was vir tien dae in Jerusalem en daarop het hy na Cesarea teruggekeer. Die feit dat hy reeds die volgende dag vir **Paulus laat voorbring** het om die saak aan te hoor, dui daarop dat hy as goewerneur wil verseker dat daar rus en vrede in die provinsie is. Hy wil die saak wat nou al vir meer as twee jaar lank sloer so gou as moontlik afhandel.

Die Jode se afvaardiging het rondom Paulus stelling ingeneem en baie en swaar beskuldigings teen hom ingebring. Lukas noem nie die beskuldigings nie, omdat dit waarskynlik nie verskil van die beskuldigings wat Tertullus nog voor Felix voorgelê het nie (Hand 24:5-7). En net soos in die verlede kon die Jode geen bewyse vir hierdie beskuldigings aan Festus voorlê nie (Hand 24:13).

Hierdie is die korste verdediging van Paulus wat opgeteken is. **Hy het eenvoudig die beskuldigings teen hom ontken.** Uit Paulus se verdediging word dit duidelik dat die beskuldigings wat nou teen hom gemaak word dieselfde is as wat Tertullus destyds gemaak het. Hierdie verhoor het dus soos die vorige verhoor voor Felix niks opgelewer nie.

Vir Festus was dit problematies. Dit is godsdienstige leiers wat 'n Jood aankla wat ook 'n Romeinse burger is. Daar is geen bewyse vir die klagtes teen Paulus nie en tog wil Festus die saak afgehandel kry. **Festus wil ook nie die onguns van die Jode op hom haal nie, maar hy moet ook die regte van die Paulus as Romeinse burger handhaaf.** Daarom het hy vir Paulus gevra of hy bereid is om voor hom (Festus) in Jerusalem te verskyn op die aanklagte. Festus het regtig nie geweet hoe om hierdie probleem op te los nie.

Paulus het die aanbod om na Jerusalem te gaan van die hand gewys. Of hy van die komplot teen hom geweet het of dit vermoed het, word nie hier duidelik gesê nie. Paulus ken egter sy volkgenote goed genoeg en die geskiedenis van hulle handelingte teenoor hom was nie in die afgelope tyd suiwer nie. Maar Paulus noem niks van wat hy waarskynlik vermoed het nie. Die feit dat die Jode hom van oproerigheid beskuldig het, het die geleentheid gegee dat hy hom op die keiser kan beroep. **Hy word mos aangekla dat hy teen die owerheid is, laat die owerheid dan oordeel of dit die waarheid is.**

Paulus noem weer dat hy geen onreg teenoor die Jode begaan het nie. Hierdie feit is selfs aan Festus al goed bekend. Paulus is bereid om die straf te dra, indien hy dan iets gedoen het wat die dood verdien. Aangesien daar egter geen grondige beskuldiging is nie, is hy ook nie bereid om met die speletjie van die ongelowige Jode saam te gaan nie. Daarom sê hy dat niemand hom by wyse van 'n guns kan oorlewer nie.

Dit blyk dat Paulus deur die planne van die Jode en Festus gesien het. Daarom het hy gesê dat hy nie by wyse van 'n guns oorlewer kan word nie. En om enige onduidelikheid weg te neem, herhaal Paulus dat hy hom op die keiser beroep.

Vir Festus was die beroep van Paulus op die keiser 'n verligting. Hy hoef nie verder hierdie moeilike saak op te los nie. Hy het waarskynlik aan die Jode verduidelik wat Paulus se beroep op die keiser behels en daarna **het hy die uitspraak gemaak dat Paulus inderdaad voor die keiser gebring sal word.**

Enige Romeinse burger kon hom op die keiser beroep het wanneer hy agtergekom het dat 'n laer hof nie sy saak regverdig sal behandel nie. Dit is net wanneer 'n Romeinse burger op heterdaad betrap is op moord, roof, en seerowery dat hy hom nie op die keiser kan beroep nie.

Die keiser in hierdie stadium was Nero. Daar word gesê dat Nero in die vroeë jare van sy regering wys gehandel het omdat hy goeie raadgewers gehad het. Dit was eers na die jaar 62 dat hy teen die Christene gekant geraak het. Paulus se verhoor

voor Festus het in die 59 plaasgevind. Paulus het dus geen rede gehad om te dink dat sy verhoor voor die keiser onregverdig sou wees nie.

2. Handeling 25:13-27 – Festus stel Paulus aan koning Agrippa voor

13 En ná verloop van enkele dae het koning Agrippa en Bernice in Cesaréa aangekom om Festus te begroet. **14** En toe hulle daar verskeie dae deurgebring het, het Festus die saak van Paulus aan die koning voorgelê en gesê: Hier is 'n man deur Felix as gevangene agtergelaat, **15** teen wie die owerpriesters en die ouderlinge van die Jode, toe ek in Jerusalem was, 'n klag ingedien en vonnis teen hom gevra het. **16** En ek het hulle geantwoord dat dit nie by die Romeine gewoonte is om enige mens by wyse van guns aan die dood prys te gee voordat die beskuldigde die beskuldigers voor hom gehad het en geleentheid tot verdediging in verband met die beskuldiging gekry het nie. **17** Toe hulle dan hier vergader het, het ek sonder enige uitstel die volgende dag op die regterstoel gaan sit en bevel gegee om die man voor te bring. **18** Die beskuldigers het teen hom opgetree en geen beskuldiging ingebring van dinge soos ek verwag het nie, **19** maar hulle het met hom sekere twisvrae oor hulle eie godsdiens gehad en oor 'n sekere Jesus wat dood is, van wie Paulus verklaar het dat Hy lewe. **20** En omdat ek met die ondersoek hiervan verleë was, het ek gevra of hy na Jerusalem wou gaan en daar oor hierdie dinge teregstaan; **21** maar toe Paulus in beroep gegaan het om in bewaring te bly vir die beslissing van die keiser, het ek bevel gegee dat hy in bewaring moes bly totdat ek hom na die keiser kon stuur.

22 En Agrippa sê vir Festus: Ek sou self ook graag die man wil hoor.

Toe antwoord hy: Môre sal u hom hoor.

23 Op die volgende dag het Agrippa en Bernice toe met prag en praal gekom en die gehoorsaal binnegetree saam met die owerstes oor duisend en die aansienlikste manne van die stad; en op bevel van Festus is Paulus voorgebring. **24** Toe sê Festus: Koning Agrippa en manne wat almal hier saam met ons is, u sien hierdie man oor wie die hele menigte van die Jode my aangespreek het in Jerusalem en ook hier, en uitgeroep het dat hy nie langer behoort te lewe nie. **25** Maar omdat ek gevind het dat hy niks gedoen het wat die dood verdien nie, en hy self ook hom op die keiser beroep het, het ek besluit om hom te stuur. **26** Maar ek kan niks sekere oor hom aan my heer

skrywe nie; daarom het ek hom voor u gebring en veral voor u, koning Agrippa, sodat ek ná die ondersoek iets kan skrywe. 27 Want dit lyk vir my onredelik om 'n gevangene te stuur en nie die beskuldiging teen hom aan te dui nie.

2.1 Vrae by Handeling 25:13-27

1. Waarom het Festus die saak van Paulus met Agrippa bespreek? (vers 13-14)

Festus was blykbaar – volgens die tydperk deur Lukas aangedui – nog nie 'n volle maand aan bewind as goewerneur van Sirië nie. Agrippa en Bernice het na Cesarea gekom uit respek vir die nuwe goewerneur en om hom te ontmoet.

Agrippa en Bernice was broer en suster. Hulle jonger suster Drusilla was met Felix getroud. Agrippa se volle koninklike titel is Herodes Agrippa II. Hy was koning oor 'n baie klein grond gebied binne die grense van Sirië waaroor Festus goewerneur was. Agrippa is deur Rome as koning aangestel oor die gedeelte wat noordoos van Cesarea geleë was. Agrippa het in Cesarea-Filippi gewoon – dit is gebied van Dan in die Ou Testamentiese tyd.

Agrippa was die seun van Herodes Agrippa I en die agterkleinseun van Herodes die Grote. Herodes die Grote was koning in die tyd van Jesus se geboorte en het ook probeer om Jesus as baba te vermoor (Matt 2:13-18). Een van Herodes die Grote se seuns – Herodes Antipas – het Johannes die Doper onthoof en Jesus het ook voor hom verskyn om verhoor te word (Mark 6:14-29; Luk 23:7-13). Herodes Agrippa I – die pa van Agrippa – het Jakobus die broer van Johannes doodgemaak en het vir Petrus gevange gehad (Hand 12).

Herodes Agrippa II het in Rome groot geword en was 'n gunsteling by keiser Claudius. Volgens Josefus die Joodse geskiedskrywer was Agrippa en Bernice baie gunstig teenoor die Jode. Hulle albei het probeer om die vermoording van die Jode in 66-70 nC te keer. Agrippa het ook die reputasie gehad dat hy 'n kenner is van Joodse sake. Rome het selfs aan Agrippa die bevoegdheid gegee om die hoëpriester aan te stel en om seggenskap te hê oor die tempelskatte en goedere.

Vir Festus wat redelik onbekend is met Joodse sake was dit voordelig om Agrippa te ken. **Aangesien Agrippa in so 'n goeie guns van Rome is en 'n kenner van die Jode**, is dit verstandig om raad vir hom te vra oor die saak van Paulus. Festus moet immers aan die keiser duidelik maak wat die klagtes teen Paulus is as hy vir Paulus na die keiser gaan stuur om verhoor te word (Hand 25:27).

2. Wat het Festus van die saak van Paulus verstaan? (vers 14-21)

Festus het die saak van Paulus in hooftrekke aan Agrippa vertel. Felix het Paulus as gevangene agtergelaat. Toe Festus in Jerusalem was, het die owerpriesters en ouderlinge van die Jode 'n klag teen Paulus ingedien by Festus en hom versoek om Paulus te vonnis. Op die Jode se versoek het Festus dit duidelik gemaak dat 'n gevangene nie bloot op versoek van die aanklaers gevonnissen kan word nie. Selfs al sou iemand skuldig wees aan 'n misdaad wat die dood verdien, moet die beskuldigde eers die geleentheid kry om homself teenoor sy beskuldigers te verdedig.

Die Jode het toe 'n afvaardiging na Cesarea gestuur en Festus het op die regterstoel gaan sit en bevel gegee dat Paulus voor sy beskuldigers gebring moet word. Die beskuldigings wat by die vergadering teen Paulus gebring is, was nie die soort beskuldigings wat Festus vermoed het nie. **Festus het tot die slotsom gekom dat die beskuldigings oor godsdienstige twisvrae gaan.** En die kern van hierdie twisvrae het te doen met 'n sekere Jesus wat dood is, maar wat Paulus sê lewe. **Van hierdie twisvraag en van Jesus het Festus nie veel geweet nie, maar dit is al wat hy verstaan het.**

Omdat Festus nie die twisvrae begryp het nie en te min van Jesus geweet het behalwe dit wat hy van Paulus in die vergadering gehoor het, was Festus verleë oor die saak. Daarop het hy vir Paulus gevra of hy eerder in Jerusalem tereg sal staan op die klagtes. Maar Paulus het verkies om in bewaring te bly totdat die keiser uitspraak gelewer het in sy saak. Daarom het Festus toe bevel gegee dat Paulus in aanhouding bly totdat hy na die keiser gestuur kan word.

3. Waarom wou Agrippa vir Paulus aanhoor? (vers 22)

4. Watter beeld is uitgestraal deur almal wat vir Paulus aangehoor het? (vers 23)

Agrippa het 'n belangstelling gehad in die sake van die Jode omdat hy baie gunstig was teenoor die Jode. **Dit is hierdie belangstelling van hom in die Jode se sake sowel as die versoek van Festus wat daartoe gelei het dat hy versoek het om vir Paulus aan te hoor.** Hy wil immers ook in die goeie boekies van die goewerneur wees, daarom is hy bereid om vir Festus te help in hierdie saak.

Almal wat in die gehoorsaal vergader het om Paulus aan te hoor word uitgebeeld as mense van groot belang. Agrippa en Bernice het met prag en praal gekom – hulle wil hê dat die mense hulle as baie belangrike mense moet raaksien. Agrippa is immers die koning en Festus het sy raad gevra in hierdie saak. Om die waarde van die byeenoms te verhoog, was die owerstes oor duisend ook teenwoordig in die gehoorsaal. In Cesarea was daar vyf owerstes oor duisend gestasioneer. **Hierdie was regtig 'n uithang geleentheid waar elkeen wat iets wou wees teenwoordig was om sy belangrikheid ten toon te stel.** En as die meester van die seremonies het Festus beveel dat Paulus voorgebring moet word.

- | |
|---|
| 5. Wat was Festus se bevinding aangaande Paulus tot dusver? (vers 24-25) |
| 6. Waarom het Festus vir Agrippa gevra om Paulus se verdediging aan te hoor? (vers 26-27) |

Ter wille van die verhoor het Festus herhaal wat hy reeds aan Agrippa meegedeel het. Die Jode het tydens Festus se besoek aan Jerusalem sowel as in Cesarea Paulus by die goewerneur verkla. Die Jode was oortuig dat die klagtes teen Paulus van so 'n ernstige aard is dat hy nie langer kan bly lewe nie.

Festus het die Jode 'n billike geleentheid gegee om hulle klagtes teen Paulus te lê. Daarom het hy vir Paulus in Cesarea aangehoor. Die gevolgtrekking waartoe Festus gekom het, was dat Paulus niks gedoen het wat die dood verdien nie. **Festus se bevinding aangaande Paulus is dat hy onskuldig is aan enige misdaad – 'n misdaad teen die Jode of teen die Romeinse staat – wat die dood verdien.** Uit hierdie bevinding kan daar ook afgelei word dat die Christelike godsdiens nie 'n misdaad teen die Jode of die Romeinse staat is nie. Hierdie is 'n belangrike uitspraak van Festus en dit stem ooreen met wat Gallio destyds in Korinthe bevind het en wat Felix ook bevind het.

Paulus het hom op die keiser beroep om sy saak aan te hoor. Aangesien Paulus 'n Romeinse burger is, is Festus verplig om aan Paulus se versoek te voldoen. Festus kan egter nie vir Paulus net na die keiser toe stuur nie. **Hy moet 'n duidelik geformuleerde klag teen Paulus aan die keiser stuur.**

Daarom het Festus vir Agrippa gevra om Paulus aan te hoor. Agrippa is goed bekend met die Jode en hulle godsdiens. Uit die vroeëre verhoor het Festus agtergekom dat die eintlike saak wat die Jode teen Paulus het uit en uit 'n godsdienstige saak is. Festus is in werklikheid verleë, want hy het nie genoegsame kennis van die Jode en hulle godsdiens nie. Dit is immers net regverdig dat Festus die keiser behoorlik inlig aangaande die klagte teen Paulus wanneer hy vir Paulus na die keiser stuur.